

55 Jaar reünie - Wat 'n groot voorreg!



Agter: Thys van Tonder, Paul Smith, Isabel Smith (Naude), Louis Boshoff, Lukas vd Merwe, Johann Dannhauser en Bertus le Roux. Voor: Jaap Zietsman, Beatie Coetzee (Cornelius), Dawie le Roux en Hettie van Tonder (Erasmus).

Op Saterdag 13 Oktober 2018 het die matriekklas van 1963 aan die Willem Pretorius Hoërskool die groot voorreg gehad om weer bymekaar te kom.

Van die 52 matrieks was daar 11 teenwoordig.

Van die klasmaats is ongelukkig al oorlede en daar kon in deernis aan hulle gedink word. Omstandighede het dit ook vir ander baie moeilik en selfs onmoontlik gemaak om dit by te woon.

Daar is heerlik gesels, gekuier en ou stories uit vergange se dae is in herinnering geroep! Die vriendskapsbande is in so 'n mate versterk dat daar besluit is om weer hierdie wonderlike geleentheid te herhaal oor twee of drie jaar.

Die groep vriende het ook weereens opnuut besef hoe bevoorreg hulle is en hoe groot die Heer se genade is!

Baie dankie ook aan Wessel Hattingh vir sy gasvryheid en die wonderlike naweek op Francolin Creek.


Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033 E-pos: heraldnuus @heilbron.co.za

Rebelspoor

Maritz se Rebelle (voorlopig) verby. De Wet se kommando's neem Heilbron in en kondig hul eie krygswet af

• **Louis Bothma - Uittreksel uit sy boek *Rebelspoor***

Op hierdie dag, 23 Oktober 1914, is Manie Maritz terug in Kakamas nadat sy aanval op Keimoes misluk het. Coen Brits se magte is in aantog en Maritz wat in die knie gewond is, besef sy rebellie is verby. Dit is net 'n kwessie van tyd voordat die laaste bietjie weerstand teen die regering in die Noordwes-Kaap opgeruim sal wees. Onbewus van Maritz se situasie, is die Vrystaters en Transvalers nou aan die woel. Beyers is reeds in die veld en honderde Transvalers sluit by hom te Damhoek, in die Magaliesberge aan. Direk na die beslissende vergadering op Koppies, vertrek De Wet per motor terug huis toe na sy plaas Allanvale naby Memel, waar hy gereed gaan maak om ook veld toe te gaan. Op pad stop hy op Heilbron waar hy 'n privaatgesprek met kommandante Hans Els en Dirk van Coller aan huis van sy vertroueling, die prokureur Rocco de Villiers het. Na De Wet se vertrek gebeur dinge vinnig op Heilbron. Die skoolhoof, E. Snowden en ene Robert English, is op pad uit die dorp toe hulle deur rebelle voorgekeer en gevang word. Dieselfde dag kry die magistraat, RM Reading, 'n boodskap dat 'n gewapende kommando die dorp die aand sal inneem en plunder. Reading laat onmiddellik alle wapens en ammunisie bymekaar maak met die doel om die dorp te verdedig. Hy wil sommer ook skietgate in die polisieostasie se mure maak. Deney's Reitz, ook 'n prokureur op die dorp en vertroueling van Jan Smuts, het intussen 'n wenk gekry het dat die rebelle hom wil vang. Hierop bel hy Smuts in Pretoria. Smuts se opdrag is dat die dorp nie verdedig moet word nie. Omdat verwag word dat die rebelle die dorp in die nag sal omsingel en inneem, word besluit om die straatligte die hele nag



Christiaan de Wet (foto bo) en Rocco de Villiers (foto onder), prokureur van Heilbron en een van De Wet se generaals gedurende die Boere-opstand in die Vrystaat.



te laat brand. Reitz en drie lojale veldkornette maak hulle egter gedurende die nag uit die voete en haas hulle na Wolwehoek-stasie op die hoofspoorlyn. Hier maak Reitz weer kontak met Smuts, wat hom as kommandant van die lojale magte aanstel. Die volgende oggend, Saterdag 24 Oktober, is 'n groep boere in die dorp wat perde vir die Duitswes-inval aan die regering kom verkoop. Ongeveer 70 perde is reeds verkoop toe die rebelle 'n boodskap in die dorp aflewer dat hulle die magistraat, RM Reading, die burgemeester, WD Wright en die dorpskommandant, JN Tanner, wil sien. Die rebelle eis die oorgawe van die dorp. Reading, Wright en Tanner, wat opdrag van Smuts het om bloedvergieting te vermy, willig in. Om 16:00 ry Ben van Niekerk Heilbron met 'n rebellekommando binne en pluk die Union Jack voor die magistraatskantoor af. Die magistraat word onder arrest geplaas, maar later vrygelaat. Die polisieostasie word oorgeneem, al die gevangenes vrygelaat en die sewe konstabels (onder andere ook 'n paar swartes) wat die stasie beman, word in die tronk gestop. Van Niekerk ry deur die dorp en laat elke huis vir wapens en ammunisie deursoek. Alle telefoon- en spoorverbindinge word verbreek sodat Heilbron totaal van die buitewêreld afgesny is. Die vorige burgemeester, WA Vergeer, word in Reading se plek as magistraat aangestel en die rebelle kondig hul eie krygswet in die dorp af. Daar is geen hofsittings nie en banke moet hul deure sluit. Winkels is net tussen 09:00 en 12:00 oop en die rebelle kommandeer wat hulle nodig het. 'n Aandklokkeel is van krag en saans om 21:00 moet almal in hul huise wees.

Binne die volgende 72 uur gaan nog dorpe deur De Wet se kommando's ingeneem word.

Langlyf en Nonnie Tuli Stoet veiling

Op Dinsdag 5 Junie 2018 het BKB Louwid die produksieveiling van Langlyf en Nonnie Tuli Stoetery aangebied op die plaas Avoca, Reitz. Die genetika van die diere was puik.

Die duurste bul is verkoop aan Impact Plus Trading van Boshof vir 'n rekord prys van R200 000. Die gemiddeld van die bulle was R52 750 vir 18 bulle.

Die duurste dragtige koeie is onderskeidelik aan Cat Valley Properties en Donkerhoek

Boerdery verkoop vir R31 000. 44 Koeie is verkoop vir 'n gemiddeld van R21 852,00.

Die duurste oop stoet vers is deur Gouwsberg Tuli Stoet by Bronkhorstspruit gekoop vir R22 000. Daar is 25 verse verkoop vir 'n gemiddeld van R16 180. Daar is ook 16 oop kommersiële verse verkoop vir 'n gemiddeld van R20 125,00

Die diere is opgeveil deur mnr Jan Mostert wat die afslaer was en die veiling is aangebied deur BKB Louwid Vereeniging.

Koeksisters

BESTANDELE:

Stroop

- 2,5kg suiker
- 7k water
- 5ml kremetart
- 5ml wynsteensuur

Deeg:

- 750ml koekmeel
- 10ml bakpoeier
- knippie sout
- 25ml botter
- 2 eiers
- 125ml volroommelk
- 125ml water
- 1 liter olie vir diepvetbraai

Metode:

Stroop

1. Gooi die suiker en water saam in 'n groot genoeg kastrol. Verhit oor mediumhitte tot die suiker opgelos is. Roer gereeld.
2. Wanneer die suiker heeltemal opgelos is en goed warm is, kan die kremetart en die wynsteensuur bygeroer word.
3. Laat kook die stroop vir sewe minute. Roer af en toe.
4. Haal die kastrol van die stoofplaat af en laat oornag afkoel.

Deeg:

1. Roer die koekmeel, bakpoeier en sout saam in 'n mengbak.
2. Vryf die botter by die meel in totdat dit soos broodkrummels lyk.
3. Klits die eiers, melk en water saam tot dit goed gemeng is.
4. Roer die melkmengsel by die meelmengsel tot 'n deeg vorm. Dit kan nodig wees om 'n bietjie water by die deeg te voeg.
5. Sprinkel ekstra meel op die werksoppervlak en knie die deeg vir 10 minute.
6. Bedek die deeg met kleefplastiek en laat rus vir drie ure.
7. Rol die deeg op 'n meelbestrooide oppervlak uit tot 5mm dik is.
8. Sny die deeg in 5mm dik stroke en sny die stroke deeg 8cm lank.
9. Vou die deegstroke in die helfte en druk die punte bymekaar. Draai die deegstrook sodat dit soos 'n vlegsels lyk.
10. Verhit genoeg olie in 'n swaarboomkastrol tot goed warm.
11. Braai die koeksisters tot goudbruin in die olie.
12. Haal die koeksisters uit en plaas net vinnig op kombuispapier om van die oortollige olie te absorbeer.
13. Doop die koeksisters in die stroop terwyl die koeksisters nog warm is.
14. Haal die koeksisters uit en plaas op 'n afkoelrakkie sodat die oortollige stroop kan afdrup.
15. Bêre die koeksisters in 'n lugdigte houër wanneer dit goed afgekoel het.

